LAERSKOOL **EVERSDAL** PRIMARY SCHOOL

26 MAART 2020

Geagte Ouers

GRAAD 4-7 AKADEMIESE PROGRAM, COVID-19:

Hierdie is uitdagende tye vir elkeen van ons. Ons sluit die boodskap van Mnr. Brian Schreuder, die SG van die Wes-Kaap Onderwysdepartement, by hierdie kommunikasie in. Hy het 'n paar belangrike faktore aangeraak – een van hierdie faktore is die toegang en beskikbaarheid van aanlyn platforms. ("online platforms"). Ons is dankbaar vir al ons IFSEN-ouers wat ons ondersteun en betrokke geraak het met ons OneNote Kurrikulumplatform.

Dit sal ons beplanning help as ons ouers en leerders by die leerprogram kan bly soos vervat in die stappe wat volg. Ons kurrikulum is getoets en ons weet dat die inhoud en lewering van sodanige aard is dat, indien ons leerders (en ouers) daarby hou, ons ons leerders kan help om voort te bou op die kurrikulum en sukses te behaal gedurende hierdie moeilike toestande. (Net 'n herinnering dat Laerskool Eversdal die toppresterende Laerskool in die Durbanville Skoolgemeenskap was in die WKOD 2019, Graad 6 Sistemiese Toetse.)

Daar is 'n verskillende stemme (geraas) wat opgaan daar buite en ons het nodig dat ons gemeenskap hou by die basiese kurrikulum en daardeur werk soos wat die personeel dit per week beskikbaar stel. Leerders is welkom om na ander inhoude op sommige van die aanlyn platforms te kyk en dit te toets, maar hulle moet asseblief die instruksies van hul klasopvoeders volg, want dit vorm die kern van wat geassesseer sal word wanneer en indien assessering later in die jaar geskied.

Terugvoering vanaf leerders na opvoeders en omgekeerd, sal op 'n daaglikse basis geskied via ONENOTE en YAMMER. Terugvoering sal op die volgende dag geskied. Hierdie sal die enigste kommunikasiestruktuur wees vir die IFSENFASE. (Daar is slegs 10 leerders wat op 'n ander individuele plan is.)

Die COVID-19-virus het ook 'n inperking op die maatskappy wat ons drukwerk doen, geplaas, wat 'n probleem veroorsaak met die gedrukte weergawe wat op 14 April (die dag waarop die skole sou heropen het) beskikbaar sou wees. Hierdie is buitengewone tye. Ons sal nie ons ouers via whatsapp of e-posse kan help hiermee nie. Die klasopvoeder kan gekontak word in noodgevalle, maar hulle sal baie besig wees om leerders individueel te ondersteun.

(Die volgende skakel (ook op voorblad van Webblad) gee weer 'n video-verduideliking vir ouers hoe om op ander rekenaars die leerders se ONENOTE-klas te laai - https://youtu.be/1NgvDWRJ1gQ)

HIERDIE IS ONS SKOOL SE PROGRAM EN ONS TYDLYN:
(Ons hoop nie dit hoef so plaas te vind nie, maar ons leerders het toegang tot ons volledige kurrikulum en kan voortgaan indien nodig.)

1. **EINDE VAN KWARTAAL 1:**

   Alle kurrikulum leermateriaal vir Kwartaal 2 is op ONENOTE gelaai aan die einde van kwartaal 1. (Elke leerder sal Kwartaal 1 en 2 se kurrikulum op ONENOTE beskikbaar hê. (ONENOTE is ons e-leer platform.)

2. **6 APRIL** (tot en met 14 April)

- Klasopvoeders sal begin om met ouers/leerders te kommunikeer om seker te maak wat die vlak van kommunikasie van elke leerder in sy/haar klas is.

- Hy/sy verseker dat elke leerder 100% gekoppel is aan die leermateriaal op ONENOTE. (Verwag ‘n oproep/e-pos/yammer om dit te bevestig.)
- Waar daar ‘n probleem is, sal dit opgevolg word om te verseker dat elke leerder die relevante leermateriaal in plek het (apienaar@eversdal.org.za)

3. **14 APRIL 2020 (Dinsdag)**
   Week 1 van die tweede kwartaal sal formeel begin. Opvoeders sal by hul huise wees en beskikbaar om met hul leerders te kommunikeer op een van die volgende maniere:
   - e-pos
   - Yammer (‘n platform waarop gesprek gevoer kan word vir hul klas se leerders)
   - deur ‘n stemboodskap op ONENOTE klaskamer te plaas.
   - deur verduidelikings van moeilike konsepte/begrippe op ONENOTE (video).

4. **17 APRIL 2020 (Vrydag)**
   Werk vir week 2 sal via ONENOTE versprei word.
5. **20 APRIL 2020 (Maandag)**
   Week 2 van kwartaal 2 sal begin.
6. **24 APRIL 2020 (Vrydag)**
   Werk vir week 3 sal via ONENOTE versprei word.
7. **27 APRIL 2020 (Maandag)**
   Week 3 van kwartaal 2 sal begin **EN die patroon sal homself herhaal totdat die skole heropen.**

OP ‘N PERSOONLIKE VLAK

Ek wil ons ouers daarvan verseker dat ek elke “virtuele klaskamer” elke dag sal besoek en ‘n wakened oog sal hou op die werk wat in ons aanlyn skool gedoen word. Dit is belangrik dat ons verseker dat ons met ons leerders in kontak bly en dat hulle betrek word. Kommunikasie tussen leerders en opvoeders moet gestimuleer word.

Hierdie is abnormale tye en ons is nie “out of office” nie! Ons is op ‘n kort breek, maar ons personeel sal operasioneel wees vanaf 6 April om hulle gereed te maak om vanaf 14 April met ons leerders te werk en betrokke te raak met onderrig.

Die leerders is welkom om intussen met WEEK 1 te begin, maar die opvoeders sal slegs vanaf 14 April begin om betrokke te raak met hul klasleerders.

Ons kan nie aanneem dat die skole voor 21 April sal heropen nie – ons hou maar die verwikkelinge dop.

Ons bid vir al ons ouers en alle Suid-Afrikaanse burgers wat deur baie moeilike en uitdagende tye gaan!

Vriendelike groete

HENK ARANGIES
SKOOLHOOF
LAERSKOOL EVERSDAL

Privaatsak X 4 / Private bag X 4, Stepping Stones, Eversdal, Durbanville. 7550
Tel: 021 9768134 Faks / Fax: 021 9761569 E-pos / E-mail: info@eversdal.org.za Web: www.eversdal.org.za